

TÉLÉPH. : 888-92-37  
TÉLÉGR. : SALEG PARIS



SUID-AFRIKAANSE AMBASSADE  
SOUTH AFRICAN EMBASSY  
59, QUAI D'ORSAY  
75007 PARIS

- 1. Mr. Beldenkamp ti.
- 2. (F)

13 Februarie 1979

UITERS GEHEIM

Die Sekretaris van Buitelandse Sake,  
KAAPSTAD. (In enkelvoud)

Vir Sekretaris

*Die Minister*  
Dit volg op die  
telegram wat ons  
van N.Y. in die  
verband ontvang  
het.  
G.M.  
20.2.79

PRESIDENT MACHEL VRA VERSTERKING  
VAN KUBAANSE TROEPE IN MOSAMBIEK

Die volgende is 'n weergawe van twee verslae, gedateer 24 en 27 Januarie 1979, wat deur die Franse Ambassadeurs in Havana en Maputo onderskeidelik aan hulle Buitelandse Ministerie voorgelê is.

Volgens die Franse Ambassadeur in Maputo het President Machel in die verlede voorgegee dat die omvang van die ondermynende bedrywighede in sy land kleiner was as wat dit in werklikheid was. Sedert onlangs egter, lyk dit asof hy die gevolge daarvan vererger en dit aan Rhodesiese invalle toeskryf.

Hy vermoed dat mnr. Machel tans ontnugter en bitter is, omdat hy nou moet erken dat, in meer as 'n derde van Mosambiek, sy soldate en amptenare nou in presies dieselfde posisie is as dié waarin die Portugese in 1974 was. Verder weet hy ook dat sy regering, soos die destydse Portugese regering, slegs deur die optrede van die milisie

*Handwritten notes:*  
... 24  
... 11.11.79

2 / .....  
Mr. ...  
2. inf. ...  
...  
...

verslaan kan word. (Dit lyk in werklikheid asof die mees onlangse komplot deur ultra-Marxiste gesmee is).

Aan die ander kant, sê die Ambassadeur, weet President Machel ook van die snelle verswakking van die regering in Salisbury en van die Rhodesiese leër se gevolglike onmag om hom meer as skouspelagtige hou te te dien. Die Rhodesiese leër kan, volgens die Ambassadeur, nie hard genoeg slaan om die Mosambiekse infrastruktuur te beskadig, of om President Machel daartoe te beweeg om sy steun aan Zanu te onttrek nie.

Mosambiek se verswakkende binnelandse situasie het President Machel daartoe gelei om sy taktiek radikaal te verander en voor te gee dat die skade wat in werklikheid deur interne sabotasie aangerig word, aan Rhodesiese invalle toe te skryf is. Dit is in terme hiervan, wat hy "Kuba en ander lande" aan die begin van Januarie versoek het om troepeversterkings na sy land te stuur; dit wil sê om Mosambiek teen Rhodesiese invalle te beskerm. Hierdie versoek val saam met 'n persveldtog wat daarop gemik is om die gebeure te dramatiseer en die openbare mening te verwar.

Die Franse Ambassadeur in Havana het gerapporteer dat die Kubaanse Vise-President, mnr. Carlos Rafael Rodriguez, die Mosambiekse versoek tydens 'n persoonlike gesprek teenoor hom genoem het. Mnr. Rodriguez het die kritieke situasie wat deur die Rhodesiese invalle geskep is, beklemtoon. Volgens hom, het dit veroorsaak dat sekere gebiede, ten minste tydelik, van die sentrale regering afgesny is.

Die feit dat die situasie aan Rhodesiese invalle toegeskryf word, het mnr. Castro egter die geleentheid

gebied om die saak aan die Sekretaris-Generaal van die VN voor te lê, wel wetende dat die VN geen bevredigende oplossing sal kan vind nie. Die Sekretaris-Generaal het onderneem om alle middele tot sy beskikking in die stryd te werp. President Castro sal dus sy moontlike besluit om nog troepe na Mosambiek te stuur, teenoor die openbare mening kan regverdig deur te sê dat die "rassistiese regering" van mnr. Smith Mosambiek skade aangedoen het en dat dr Waldheim nie die probleem kon oplos nie.

Die Ambassadeur in Maputo is die mening toegedaan dat dr Waldheim se skrale kanse op sukses verminder word deur die feit dat die oorgrote meerderheid van aanvalle op ekonomiese en militêre installasies in Mosambiek, deur plaaslike groepe rebelle geloods word.

Die Ambassadeur in Havana sit sy verslag voort deur te sê dat mnr. Rodriguez klem gelê het op die moeilike situasie waarin die Kubaanse regering homself ten opsigte van Mosambiek, bevind. Volgens die Ambassadeur is dit moontlik dat mnr. Rodriguez deur middel hiervan wou laat deurskemer dat die Kubaanse regering in elk geval troepe na Mosambiek sal stuur.

Mnr. Rodriguez het ook bygevoeg dat dit om die verlening van hulp aan Mosambiek gaan om die veiligheid van die regering en die gebied te verseker en nie om die Patriotiese Front se militêre operasies te steun nie. Die Kubaanse beleid bly steeds dat hulp slegs aan regerings verleen word. Dit is dus die taak van die "Bevrydingsbeweging" om self die bewind oor te neem. Daarna sal Kuba hulpverlening oorweeg.

In die verbygaan het mnr. Rodriguez ook genoem dat die Kubaanse regering verreweg nie alle versoeke om militêre hulp toestaan nie. 'n Voorbeeld daarvan is dat hulle geweier het om troepe na Uganda en Tanzanië te stuur tydens hulle onlangse grenskonflik. (Blykbaar het albei lande om hulp gevra).

Oor Angola wou mnr. Rodriguez skynbaar nie baie praat nie. Hy het daarby volstaan <sup>deur</sup> om te sê dat hy oor die algemeen optimisties was en dat die situasie op die noordelike grens as normaal beskou kan word. Op 'n spesifieke vraag van die Franse Ambassadeur, het hy onwilliglik toegegee dat daar probleme in die Suide bestaan. Dit het hy egter toegeskryf aan die verwickelinge in Suidwes-Afrika. Die Franse Ambassadeur voeg by dat hy wonder of die onlangse regeringskommeling en Angola se daaropvolgende toenadering tot Sjina en die Weste vir die Kubane 'n rede tot tevredenheid was.



7 AMBASSADEUR